LAERSKOOL FRANS CONRADIE
Jou potensiaal is ons ideaal!
041-9335135 ontvangs@fransconradie.co.za Dagbreekstraat, Despatch

29 Oktober 2025

**Begrotingsvergadering van Laerskool Frans Conradie**

Tydens die Algemene Begrotingsvergadering, gehou op 29 Oktober 2025 om 18:30 in die skoolsaal van LFC, waartydens die begroting vir 2026 voorgelê is, is die volgende skoolfonds en resolusies vir 2026, deur die meerderheid ouers teenwoordig, aanvaar en goedgekeur.

***NB:*** *Ontvang hiermee saam 'n afmerklys, soos voorgeskryf deur die Suid-Afrikaanse Skolewet, wat asseblief deur* ***alle*** *ouers volledig ingevul en teruggestuur* ***moet*** *word skool toe (voor of op* ***Vrydag, 31 Oktober****).*

**1. SKOOLFONDS 2026:**

- Na geen skoolfonds verhoging in 2024 en 'n 4,5% verhoging in 2025 is daar noodgedwonge 'n minimale styging van 4,3% (R60/md) vir 2026.
- Skoolfonds vir 2026 is dus R17,280.00 per jaar of dan **R1440** per maand per leerder oor 12 maande.
- Skoolfonds van R17280 is vooruitbetaalbaar vir die jaar, maar die vergunning om dit maandeliks te betaal word gegee, met die voorwaarde dat dit voor die einde van elke maand geskied in 12 paaiemente van R1440.
- **Januarie 2026 se skoolfooi van R1440 is vir alle ouers verpligtend** ongeag die kwytskeldingstatus en dit vorm deel van 2026 se skoolfonds. Dus is die **minimum** skoolgeld wat **ALLE OUERS MOET** betaal R1440.
- Hierdie **1ste maand** se **verpligte betaling** van skoolfonds **moet** teen die einde van **Januarie 2026** vereffen wees.
- 'n Verpligte **handboekhuur** van **R300** per jaar vir alle leerders van Graad 4 tot 7 word gehef en **moet** in **Januarie** betaal word (klasonderwysers sal u inlig oor die bestuur van die proses, maar in kort, soos wat ouers die handboekhuur betaal word dit op 'n klaslys aangeteken en ontvang ouers wat eerste betaal ook dan in 2026 die handboeke wat in 'n beter toestand is), (ouers wat nie die verhuring betaal nie het die opsie om hul eie handboeke aan te koop). Neem asb kennis dat die DBO in die proses is om veranderinge aan handboeke aan te bring vir 2027 en daar word dus nie vir 2026 nuwe handboeke aangekoop nie. Hierdie aspek kan 'n groot uitdagende invloed op ons begroting hê aan die einde van 2026.
- Die R300 vir beskadigde of verlore handboeke bly steeds van krag
- **Twee rieme witpapier** per leerder, een voor **einde Januarie** en een voor einde Junie word vereis (**verpligtend Gr RR – 7**, vir ouers wat teen die einde van Julie steeds versuim om dit te voorsien, sal die koste daarvan by die skoolfonds gevoeg word).
- 'n **Verpligte een eksamenblok** per leerder van **gr 4 tot 7** word vereis (vir ouers wat teen die **einde van Januarie** versuim om dit te voorsien, sal die koste daarvan by die skoolfonds gevoeg word).
- Die **musiekfooi** vir leerders wat musiek neem is **R350** per kwartaal vir 2026.
- **Nasorgfooie** vir 2025: Keuse **1** = **R1230** x11. Keuse **2** = **R800** x11. Keuse **3** = **R500** x11 (die ekstra fooi in vakansies verval, maar geen etes word in vakansies voorsien nie)
- Ons moedig ouers aan om **EFT-betalings** te doen of debietorders wat maandeliks in die skool se naam afgaan.
- Alle skoolfondsbetalings wat nie op die **10de van 'n maand** vir die vorige maand op datum is nie, sal **gekontak** word. Indien daar teen die **10de van die volgende maand** geen betalings ontvang of reëlings getref is nie, sal daardie ouer **oorhandig** word aan die aangestelde invorderaars (dit beteken oorhandigings vind plaas na 60 dae agterstallig).
- **Grafieke** wat die betalingskoers aandui sal per graad en klas op die WA-groepe geplaas word soos nodig. Rapporte van leerders waarvan die ouers agterstallig is met skoolfonds sonder goedgekeurde kwytskelding of dat 'n reëling getref is, moet afgehaal word by die skoolfondskomitee soos gereël.
- **Skoolfondskomitee:** Mnr. Duvan de Ridder (Voorsitter), mev. Juanita Burger (Prokureur), mev. Danielle Erasmus (Skakelbeampte), Mev. Odette Fourie (Finansiëlebeampte) en mnr. Z. Grobler (Skoolhoof).

**2. KWYTSKELDINGPROSEDURE 2025 VIR OUERS WAT WIL AANSOEK DOEN:**

- Die meegaande **afmerklys** moet **volledig** voltooi en **ingehandig** wees.
- Ouers kom haal in persoon vanaf **5 November 2025** by die kantoor die nodige vorms en voltooi die register by die finansieskantoor.

- Hierdie ouers handig vorms in persoon voor of op **28 November 2025** by die kantoor in. **Nuwe leerders en laat aansoeke** se ouers het geleentheid van die **12de Januarie 2026** om vorms in persoon te kom haal by die kantoor.
- Die kantoor sal hulp verleen waar nodig en die korrektheid van die aansoekvorms verifieer.
- 2026 se aansoeke moet binne **1 maand** nadat dit in persoon kom haal is weer in persoon ingehandig word by die kantoor anders verval die aansoek en moet die ouer weer aansoek doen.
- **Kwytskelding geld,** onderhewig aan **goedkeuring,** eers vanaf die datum van ontvangs van die volledige en korrekte vorms deur die Finansiële komitee.
- Indien ouers kwalifiseer vir kwytskelding/vermindering word dit bereken op R1440 minder as die goedgekeurde jaarlikse skoolfonds dus word **vermindering bereken** op **R15,840,00**.
- **Beide ouers** se **bruto-inkomste** word gebruik vir die bepaling van kwytskelding.
- Ouers wat oorhandig word, se ekstra betalings wat aan die skool gemaak word, gaan op die huidige jaar se skoolfonds af totdat die huidige jaar opbetaal is. Oorhandigings moet aan die invorderaar betaal word.
- Daar word swaar geleun op die eerlikheid van ouers om die skool in kennis te stel indien hul finansiële omstandighede verbeter of verander sodat kwytskelding hersien kan word.
- Graad RR, R asook Nasorg kan ongelukkig nie vir kwytskelding aansoek doen of kwalifiseer nie en is die betaling van skoolfonds verpligtend.

**3. ERNSTIGE BEROEP:**

Die Beheerliggaam van Laerskool Frans Conradie wil dit duidelik maak dat ons **nie** 'n "Geen-fooi" skool is nie. Ouers/voogde word wetlik verplig om skoolfonds, soos aanvaar en goedgekeur op die ouer-begrotingsvergadering, te betaal of dan, en as dit nie moontlik is nie, vir kwytskelding aansoek te doen.

Bogenoemde resolusies is aanvaar en goedgekeur by die Algemene Begrotingsvergadering en deur die Beheerliggaam bekragtig. Dit is geneem na deeglike bespreking en oorweging met in agneming van die huidige ekonomiese omstandighede. Ons kinders bly egter ons grootste en belangrikste bate, daarom moet ons optree tot voordeel en in die belang van elkeen van hulle.

Ons staar die afgelope paar jaar finansiële uitdagings in die gesig as gevolg van wanbetalings van sommige van ons ouers. Alhoewel ons weier dat ons finansiële posisie en uitdagings die onderrig en leer negatief beïnvloed, sukkel ons om ons finansiële verpligtinge na te kom ten opsigte van salarisse, munisipale rekeninge en instandhouding. Ons is afhanklik van elke ouer se bydrae en dit is net regverdig om te verwag dat al ons ouers alles in hul vermoë sal doen om ons te help om kwaliteit aan ons kinders te kan bied. Al ons leerders ontvang presies dieselfde kwaliteit onderrig, afrigting en geleenthede, maak dus erns van die prioriteit van skoolfondsbetaling in 2026.

Ons wil in dieselfde asem ons ouers wat getrou hul verpligtinge teenoor die skool nakom hartlik bedank. Die wat saamwerk om ons skool, Laerskool Frans Conradie, sterk te maak met die nodige hulpbronne om ons die skool te maak wat ons graag wil hê dit moet wees.

**Ons moet ruimte skep vir ontwikkeling en vooruitgang en om bogenoemde redes het die Beheerliggaam besluit om die skoolfonds minimaal aan te pas vir 2026, met die hoop dat dit ons ouers finansiële verligting sal bied, maar ook sal aanmoedig om meer gewillig skoolfonds te betaal. Ons is almal interafhanklik van mekaar. Gee ons asseblief u samewerking en maak die betaling van skoolfonds prioriteit in 2026. Dit is die regte ding om te doen.**

Kom ons groei as trotse top Fransies in 2026 en verseker dat ONS kinders die toekoms suksesvol tegemoet kan gaan.

Trotse Fransiegroete



ZJ GROBLER
Skoolhoof

**Bankbesonderhede:**
ABSA

| | |
|---|---|
| Rek. Naam: | Laerskool Frans Conradie |
| Rek. nr. | 4056649218 |
| Takkode: | 632005 |
| Verwysings nr: | Oudste kind se Naam en Van SK (Skoolfonds)/ NS (Nasorg)/ HV (Handboekverhuringsfooi)/ MF (musiekfooi) |

Omsendskrywe 5/2025

(MARKUS 12:17 -Jesus sê toe vir hulle: "Gee aan die keiser wat aan die keiser behoort, en aan God wat aan God behoort.")

LAERSKOOL FRANS CONRADIE
Jou potensiaal is ons ideaal!
041-9335135 ontvangs@fransconradie.co.za Dagbreekstraat, Despatch

SOUTH AFRICAN SCHOOLS ACT, NO. 84 OF 1996

REGULATIONS FOR THE EXEMPTION OF PARENTS FROM PAYMENT

OF SCHOOL FEES

# CHECKLIST FORM

**Learner details:** ____________________ ______________

**NAME AND SURNAME** **GRADE**

1. Has the principal informed you about the amount of the Annual school fees to be paid? YES | NO
2. Has the principal informed you that you are liable for the payment Of school fees unless you are totally exempted from paying school Fees? YES | NO
3. Has the principal informed you about your right to apply for Exemption from paying school fees? YES | NO
4. Do you wish to apply for such exemption? YES | NO
5. Do you wish to be assisted in making such application? YES | NO
6. Has the principal informed you of the procedure for collection of the Application for exemption forms (Annexure B *EXEMPTION APPLICATION FORM*)? YES | NO

ZJ GROBLER_______
NAME OF PRINCIPAL

____________________
NAME OF PARENT



____________________
SIGNATURE OF PRINCIPAL

SCHOOL STAMP

____________________
SIGNATURE OF PARENT

DATE: ________________

DATE:________________